# ST PAULUS NUUSFLITS

30 Jan. 2026

## NEXT WEEK IS English WEEK!

St Paulus is dedicating 2 – 6 February to celebrating the English Language – next week is English Week!

Please watch the Grade WhatsApp groups for more information on the following fun events:

| | |
|---|---|
| 2 – 6 February: | Book Donation Drive (Please donate your gently loved books so we can help them find a new loving home.) |
| 4 February: | Hooked on Books Show for Grade 1 - 7 |
| 4 – 6 February: | Bargain Books Display in the Hall Foyer from 09:00 – 16:00 (Please drop in to see the books on offer.) |
| 5 February: | Drop Everything and Read |
| 6 February: | Book Character Dress-up Day |




COMING SOON...

## STP SWEMARENA

Weereens wil ek graag ons St Paulus-gemeenskap bedank vir u geduld terwyl ons wag vir die voltooiing van die munisipale administratiewe proses om die Swemarena te open. Ons is bly om te kan rapporteer dat vordering positief verloop en ons verwag dat alle vereistes binnekort afgehandel sal wees.

Tensy ons ander inligting deurgee, verwag ons – en sien ons met opgewondenheid daarna uit – dat ons Interhuis-gala soos beplan op 14 Februarie sal voortgaan.
Ons sal u voortdurend met elke stap van die pad op hoogte hou.



## REËNERIGE DAE EN WEERLIGPROTOKOLLE - DANKIE VIR U GEDULD




Ons wil graag ons ouers bedank vir u geduld en begrip op reënerige dae, veral wanneer weersomstandighede tydsvertragings tydens afhaaltye veroorsaak. Ons waardeer u ondersteuning wanneer u tot by die skoolgebou kom om u kind op te laai.


Om veiligheidsredes is die skool verplig om streng Weerligveiligheidsprotokolle te volg. Ons gebruik 'n vroeë weerligopsporingstelsel (Afri-Weather), gekoppel aan die Suid-Afrikaanse Weerdiens, wat gegronde weerlig binne 'n radius van 20 km (risiko) en binne 'n radius van 10 km (uiterste risiko) opspoor. Wanneer weerlig binne 10 km waargeneem word, word die weerligalarm geaktiveer en kinders word na aangewese veilige areas geneem.

Neem asseblief kennis dat ouers nie altyd weerlig kan sien of hoor nie, selfs wanneer die alarm afktief is. Die weerlig kan egter steeds naby genoeg wees om 'n risiko in te hou, en die skool is verplig om in belang van veiligheid op te tree.

In die geval van 'n weerligalarm, wanneer kinders veilig in klaskamers en onderdak gehou word, sal ons waar moontlik reëlings vir afhaal via die Graad-WhatsApp-groepe kommunikeer. Ouers is ook welkom om tot by die skoolgebou te stap, waar 'n Departementshoof (HOD) en personeel aan diens sal wees om julle te help om julle kind op te spoor.

Dit gesê, moet ek die belangrikheid beklemtoon dat alle interaksies met personeel hoflik en respekvol bly (wat ongelukkig nie altyd die geval was nie 🙁). 'n Bietjie grasie van beide onderwysers en ouers dra baie by tot die handhawing van 'n gelukkige en gesonde skoolgemeenskap. Onthou asseblief – ons plaas nie bestellings vir slegte weer nie; dit kom onaangekondig en is heeltemal buite ons beheer. Wat wel binne ons beheer is, is om u kind veilig te hou, en dit sal altyd ons prioriteit wees.





## GESONDE EETGEWOONTES EN PARTYTJIEPAKKIES

Om 'n gesonde leefstyl te bevorder, versoek ons dat u seker maak dat u kind daagliks 'n gesonde kosblik het wat voedsame kos, vrugte en neute insluit. Vermy asseblief kosse wat hoog in suiker is. Kinders moet ook 'n waterbottel hê wat met water gevul is. Neem asseblief kennis dat koeldrank en energiedrankies nie toegelaat word nie en, indien dit wel skool toe gestuur word, van u kind geneem en huis toe gestuur sal word.

Ons vra dat u die inhoud van partytjiepakkies vir u kind se verjaarsdag beperk. Stuur asseblief óf 'n kolwyntjie (cupcake), óf 'n oliebol (doughnut), óf 'n klein soetdingetjie (nie al drie nie 😊).

Benewens die belangrikheid daarvan om suikerinname tot 'n hanteerbare vlak te beperk sodat onderrig en leer kan plaasvind, wil ons ook by ons kinders die waarde van *Minder is Meer* vestig. Nie alle ouers het die middele om partytjiepakkies vol lekkernye te stuur nie; deur by die *Minder is Meer* waarde te hou, voorkom ons ook dat klein hartjies onnodig seerkry.

## WAAR WORD U KIND OPGELAAI? HELP ONS ASSEBLIEF!

Om te verseker dat alle kinders te alle tye onder toesig is, laat ons nie toe dat kinders in die Snoepie-parkeerarea wag om opgelaai te word nie. Neem asseblief kennis dat enige kinders wat in hierdie area gevind word, na die Hoofparkeerarea verwys sal word.

Ons vra dat ouers dit duidelik met hul kinders reël en nie versoek dat hulle in die Snoepie-parkeerarea wag nie. U ondersteuning in hierdie saak help ons om behoorlike toesig te handhaaf en verseker die veiligheid van alle kinders.

## ONTMOET ONS NUWE PERSONEELLID

Ons stel graag Me Kholofelo Molepo aan u bekend, wat by ons personeel aangesluit het as die Persoonlike Assistant (PA) van die Skoolhoof. Ons verwelkom Me Molepo met haar entoesiastiese en ondersteunende gees. Me Molepo is 'n belangrike kontakpersoon vir Mev Bukowski (principal-pa@stpaulus.co.za).



## HERWINNING

Geluk aan ons weeklikse wenners:

Grondslagfase: 1V
Intersenfase: 4S
Wenhuis: Paulus




## KLEREWINKEL

Neem asseblief kennis dat, weens omstandighede buite ons beheer, die winkel tydelik uit voorraad is van die volgende items:

- Blou Gholf (PT)-hempde
- Krieketwedstrydhemde (wit)

Intussen het ons wel 'n keuse van tweedehandse items beskikbaar wat geleen kan word totdat die nuwe voorraad arriveer. Indien u kind enige noodsaaklike wedstrydkleredrag benodig, kontak asseblief hul klasonderwyser, en ons sal graag help waar ons kan.

## Newsflash Sports Page - The Final Whistle

Welcome to the newest addition to the NF - ♡- our weekly sporting update called the **Final Whistle**. Here you can catch up on the weekly results, and find all the arrangements, including transport, for the week ahead...

### This week's results

***Cricket:***

U13A vs Woodhill won by 9 wickets
U12A vs Amberfield won by 8 wickets
U13/U12C vs Irene lost by 8 wickets
U11A & U10A vs WHPS lost by 9 wickets
U10B vs Prestige lost by 107 runs
U9A vs WHPS won by 6 wickets
[Swimming Gala at Pretoria Oos – cancelled due to weather.]

### Fixtures 02 – 06 January 2026:

***Monday, 02 February:***

Tennis U11 Girls vs Stephanus Roos at Sinoville Tennis Club
Tennis U11A Boys vs Curro Hazeldean at Curro Hazeldean
Tennis U11B Boys vs Anton van Wouw at STP
Tennis Open Boys vs Die Poort at STP
Tennis Open Girls vs Lynnwood at Pretoria Boys High School

***Tuesday, 03 February:***

Cricket U13A vs Prestige at STP
Cricket U12A vs Glenstantia at Glenstantia
Cricket U13B vs Springvale at STP

***Wednesday, 04 February:***

Cricket U11A vs Waterkloof at STP
Cricket U11B vs WHPS at STP
Cricket U10A vs Waterkloof at Waterkloof
Cricket U10B vs WHPS at WHPS

***Thursday, 05 February:***

Cricket U9A internal game
Cricket U9B vs WHPS at STP
Chess vs Robert Hicks/Kingdom Primary School at STP

***Friday, 06 February:***

Swimming Gala at Hatfield Christian School

We would like to extend a thank you to our parents; we are grateful for the ongoing support. The Sports Department continues to encourage parents to support our teams, you are always welcome on our grounds. 😊 Thank you as well for the patience shown at the start of another busy year as we look to continually offer an outstanding co-curricular experience.


### BELANGRIKE REISREËLINGS

Busse vertrek by St Paulus om **13:45** na verskeie plekke. Ons is geskeduleer om 17:30 by die skool terug te wees. Indien daar om enige rede 'n vertraging is, of ons vroeër moet terugkeer, sal 'n boodskap aan die betrokke partye gestuur word. Dankie vir u begrip en geduld.

ST PAULUS MUSIC SCHOOL

# UpBeat

together in rhythm



**Grade 2-5**

**Group djembe drumming for connection, confidence & creativity**

**Tuesdays 15:00-15:45**

Facilitated by:
Dr Kim Brink-Flores

**Join us for a free intro session:**
Tuesday
3 February
15:00-15:45
Mrs Viljoen's classroom
(book your spot)

## Fees:

Term 1: R600

Term 2,3,4: R800*

(payable in monthly installments)

*8 sessions per term

*Limited spaces available Grade 2-5's*

Sign up here:

For more information contact us at:
stpaulusmusic@gmail.com

---

DRAMA Dynamics

# "GROUP ACTING CLASSES"

**- Weekly classes at St Paulus -**

The performing arts can really boost a child in so many ways…

- ✓ Improve communication skills
- ✓ Make public speaking easy
- ✓ Build confidence
- ✓ Develop hidden talents

Learning the art of characterisation, doing physical performance, getting public speaking training, working on scripts and performing, learning mime techniques and comedy skills to name but a few....

## Showcase Production

All students take part in our annual Showcase Production on a Saturday in October (date TBC).
Here they will get the awesome opportunity to perform on a professional stage at The Encore Theatre!








Students receive annual CERTIFICATES and ASSESSMENTS!

**To find out more or to register: Email melissa@dramadynamics.co.za**
**AT ST PAULUS SOME CLASSES ARE ALMOST FULL,**
**SO PLEASE BE IN TOUCH SOONEST!**

*In a world where confident communication is key…*
*"Drama Dynamics, creating opportunities for you to shine"*

---

# KARATE CLASSES AT ST PAULUS

Complete the KARATE ENROLMENT Form & WhatsApp/email to
082 379 0579
karien.jacobsz@gmail.com

---

Dit is al vir hierdie week – sterkte aan ons Graad 4-kinders en hulle ouers wat môre die Studievaardigheidswerkswinkel gaan bywoon.

Ons wens ons skoolgemeenskap 'n wonderlike, rustige naweek toe!

Louise Bukowski

"Grace always seems unfair until you find yourself in need of it" - Anonymous